Messias Mei 2018

1. Agtergrond

Na die eerste samewerking tussen die Koepel Kunstesentrum en St John's College, Johannesburg, in Maart 2016 met 'n uitvoering van die Johannespassie van Bach, en die uitvoerings van die Mozart Requiem in Maart 2017, is die Messias van Händel in Mei 2018 as derde samewerkingsprojek onderneem. Vir beide partye is die samewerking voordelig: Die skool, wat 'n jaarlikse begroting vir 'n konsert met orkes en koor het, kry deur die Kunstesentrum se kundigheid op die gebied van historiese uitvoeringspraktyk toegang tot 'n orkes onder die deskundige leiding van Antoinette Lohmann, een van die voorste barokvioliste in Europa. Die Kunstesentrum het die geleentheid om 'n volskaalse orkesprojek aan te bied met die hulp van die skool. Die projek bied voorts betaalde uitvoeringsgeleenthede in vroeë musiek en motiveer daarmee professionele musici om hulle in historiese uitvoeringspraktyk te bekwaam. Soos die vorige twee geleenthede, was die afgelope uitvoerings van die Messias die eerstes in Suid-Afrika op historiese instrumente en stel so weereens 'n mylpaal in die ontwikkeling van Vroeë Musiek in Suid-Afrika daar. Slegs twee gasspelers uit Europa was vir die projek nodig.

2. Afloop van die projek

'n Kamerkoor bestaande uit 16 lede is enkele maande voor die begin van die amptelike oefeninge aan die einde van Maart byeengebring en die musiek ingestudeer.

Die konsertmeester Antoinette Lohmann het op Woensdagaand 9 Mei uit Amsterdam aangekom, en die hoboïste Anke Nevermann op Vrydagoggend 11 Mei uit Freiburg. Saam met die blokfluitspeler Simon Duim, wat hom enkele maande vantevore na afloop van sy musiekstudies in Nederland weer in Suid-Afrika gevestig het, en die klawesimbelspeler Pieter Smal uit Pretoria, het ons Vrydagmiddag begin met oefeninge vir 'n kamermusiekkonsert op Saterdagaand in die Christ Church in Arkadia, Pretoria. 'n Program van kamermusiekstukke vir verskillende besettings is voor 'n geesdriftige gehoor van ongeveer 100 persone uitgevoer.

'n Oefening vir die strykers van die Messiasorkes is op Sondagmiddag 13 Mei deur Antoinette Lohmann waargeneem. Oefeninge vir die volle orkes het op Maandagaand 14 Mei begin. 'n Tweede tutti-oefening het op Dinsdagaand plaasgevind, en op Woensdagaand 16 Mei is 'n verdere oefening met slegs die strykers en hobos deur Antoinette Lohmann gelei, na die ervaring van die vorige jare dat die normale voorbereiding vir die konserte haar nie genoeg geleenheid bied om intensief aan strykertegniek te werk nie. Op Donderdagaand 17 Mei is die Messias voor 'n groot gehoor in die Darragh Hall op die kampus van die St John's College uitgevoer deur die gekombineerde seunskoor van die skool en die kamerkoor.

Na 'n oefening op Saterdagmiddag 19 Mei in die NG Kerk Vredefort, is 'n histories meer korrekte uitvoering van die Messias met die kamerkoor alleen, begelei deur die barokorkes, aangebied. Dit is deur 'n gehoor van ongeveer 100 mense (wat bevredigend is vir 'n klein landelike dorp) geesdriftig ontvang. Op 20 Mei is die slotkonsert, weereens met die gesamentlike koor, in die Etienne Rousseauteater in Sasolburg uitgevoer. Na afloop van die konsert is van die twee buitelandse gasspelers afskeid geneem.

By die uitvoerings in Johannesburg en Sasolburg het as alt- en bassoliste Karien Gudde en Aubrey Lodewyk meegewerk. In die uitvoering in Vredefort het die altus Jonathan Watkins en die bas Hendré van Zyl hulle vervang.

3. Die Musikale Direksie

Antoinette Lohmann is hoof van die afdeling vir vroeë musiek aan die Konservatorium van Utrecht, en is sedert 2017 ook dosent aan die Amsterdamse Konservatorium. Sy het intussen ook 'n deeltydse aanstelling aan die musiekuniversiteit in Leipzig. Sy onderrig barokviool en altviool asook die dokumentasie van historiese uitvoeringspraktyk. Sy was voorheen in uiteenlopende musiekterreine aktief, maar konsentreer huidiglik op die historiese instrumente viool, altviool, viola d'amore, tenoorviool en viola pomposa. Haar voorliefde vir die uitsnuffel van onbekende repertoire het gelei tot verskeie opnames, soos onder andere die sonates vir klavier en viool van Joseph Martin Kraus en Margarethe Danzi. As uitvoerende musikus speel Antoinette Lohmann in ensembles soos Ensemble Schönbrunn, Camerata Trajectina, die Nederlandse Bachvereniging, Musica Temprana, die Kölner Akademie, la Sfera Harmoniosa en in die Utrechtse Barok-Consort. Antoinette Lohmann het sedert 2008, toe sy die eerste maal 'n projek op uitnodiging van die Koepel Kunstesentrum gelei het, die land herhaaldelik besoek en gee gereeld konserte en meestersklasse. Onder andere het sy meermale by die winterskool in vroeë musiek aangebied deur die Universiteit van Kaapstad meegewerk.

Ben Oosthuizen

After a two year period as choirmaster at the Drakensberg Boys' Choir school in 1984 and 1985, Ben Oosthuizen was appointed as Director of Music at St John's College in Johannesburg in 1987. St John's is an Anglican church school, and both the Prep School and College boys attend a full weekly sung mass. Oosthuizen was responsible for the establishment of an instrumental programme which runs from the grades to post matric. More than 550 boys take instrumental lessons and many participate in several contemporary ensembles, Jazz Bands, Big Band, Wind band and Symphony Orchestra. Under his leadership an excellent choral singing programme has been developed and the combined choirs from the Prep and College sing at the weekly masses as well as a major choral work every year. The most recent performances were Mozart's Requiem (2017) and Bach's St John Passion (2016 and 2015).

4. Deelnemers

Messias

Sopraansolis:	Alna Smit
Altsolis:	Jonathan Watkins
Tenoorsolis:	Nicholas Nicolaidis
Bassolis:	Hendré van Zyl
Sopraan:	Anastassia Rakitianskaia, Louise Conradie, Leana Kirchner, Patricia Maguire
Alt:	Belinda Fraser, Annaliese Marshall, Astrid Sieburg, Karien Gudde
Tenoor:	Manna Stander, Wilhelm Meyer, Heinrich Knöcklein, Ernst Strydom , Pieter de Villiers
Bas:	Corniël Calitz, Matthias Leeflang, Liam Borgstrom, Willem Viljoen
Viool 1:	Antoinette Lohmann, Katrien Klopper, Isabella Bonnet
Viool 2:	Tanya Spiller, Joy Meyer
Altviool:	Friederike Scholtz, Tiisetso Mashishi
Cello:	Nicola Johannes
Kontrabas:	Hilton Anspach
Hobos:	Anke Nevermann, Lesley Stansell
Fagot:	Gerhard Benade
Trompette:	Braam van Tonder, Walter Johannes

Kamermusiekkonsert

Antoinette Lohmann, viool
Anker Nevermann, hobo
Sjoerd Simon Duim, blokfluit
Gerhard Benade, fagot
Pieter Smal, klawesimbel

5. Die Musiek

Uitvoerings van die Messias.
Donderdag 17 Mei in die Darragh Hall, St John's College, Johannesburg
Saterdag 19 Mei in die NG Kerk Vredefort
Sondag 20 Mei in die Etienne Rousseauteater, Sasolburg

Händel se Messias, wat hy na 'n tydperk van geldelike nood weens gebrek aan belangstelling in sy operas relatief laat in sy lewe gekomponeer het, is vandag sekerlik sy bekendste en gewildste werk. Toe dit in 1742 vir die eerste keer in Dublin uitgevoer is, was dit ook onmiddellik 'n groot sukses en het 'n hele reeks van oratoriumkomposisies deur Händel ingelei. Tradisioneel word die Messias met groot ensembles uitgevoer na die romantiese tradisie van uiters groot kore. Dit misken die feit dat die eerste uitvoering deur Händel met 'n koor van 20 sangers en 'n ooreenkomstig klein orkes plaasgevind het. Om hierdie rede is die Messias 'n goeie keuse as programstuk vir 'n histories geïnformeerde uitvoering. Die kontras met hedendaags gebruiklike uitvoerings is dus besonder kras. Die uitvoering in Vredefort (die enigste uitvoering met die kamerkoor) het baie groot lof van die toeskouers uitgelok, en daarmee die geldigheid van die benadering om werke uit vroeër musiektydperke met die ooreenkomstige instrumente en uitvoeringspraktyk uit te voer, bevestig. Dit onderskraag ook weereens die groot waarde van die Vroeë Musiek-beweging, wat bekende werke in 'n nuwe klankgedaante laat verskyn en daardeur opwindende nuwe impulse vir die uitvoering gee.

Die kamermusiekkonsert in Pretoria by die Christ Church, Arkadia, op Saterdag 12 Mei 2018.

Program

Sonate in c mineur	Johann David Heinichen
vir viool, hobo en basso continuo	(1683 – 1729)
Doen Daphne d'over schone Maeght	Jacob van Eyck
vir solo blokfluit	(1590 – 1657)
Premier Concert	Francois Couperin
vir hobo en basso continuo	(1668 – 1733)
Sonate 13	Anoniem
vir viool en basso continuo	(1624 - 1695)

Sonate IV boek II *vir blokfluit en viool*	Dario Castello (15?? – 1630)
Kanonsonate *vir viool en hobo*	Georg Philipp Telemann (1681 - 1767)
Sonate I Op 34-1 *vir blokfluit, viool, hobo en basso continuo*	Joseph Bodin de Boismortier (1689 – 1755)

6. Terugvoering op konserte

Die kamermusiekkonsert in die Christ Church in Arkadia, Pretoria, is deur ‘n relatief groot (vir die ruimte) en baie geesdriftige gehoor bygewoon. Die konsert is gereel om die konsertpubliek die geleentheid te gee om die twee besoekende musici Antoinette Lohmann en Anke Nevermann in solo-optrede te hoor en so die historiese instrumente en uitvoeringspraktyk aan die publiek bekend te stel. Simon Duim, wat in 2010 as skoolseun ‘n kursus op Deelfontein bygewoon het en deur Antoinette Lohmann aangemoedig is om in Nederland musiek te studeer, het intussen sy studies in blokfluit daar afgesluit en dit was dus passend om hom by die konsert te betrek.

Ongelukkig was daar geen kritikus by die konsert in Vredefort om die enigste histories gefundeerde uitvoering van die projek te beoordeel nie. Die reaksie van die gehore by al drie uitvoerings, maar spesiaal by die uitvoering in Vredefort was egter baie positief. By die Vredefortkonsert het Nicol Viljoen, voormalige hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat, en Fanie Jooste, voormalige hoof van die Departement Musiek aan die Noordwes Universiteit in Potchefstroom albei hulle groot bewondering vir die deursigtigheid en energie van die uitvoering betuig.

7. Reaksie van Deelnemers en Toehoorders

Al die musici wat aan hierdie projek meegewerk het, asook die toehoorders by die konserte, was uiters geesdriftig oor die groot sukses van die uitvoerings. Hieronder volg die terugvoering van enkele individue.

Antoinette Lohmann Dis elke keer weer ‘n wonderlike ervaring om in Suid-Afrika die repertorium te speel wat almal reeds baie goed ken, maar nog nooit op die historiese ingeligte manier gespeel of gehoor het nie. En dit is nog meer spesiaal om dit te kan doen met die seunskoor van die St. John’s College, selfs in Europa sal dit nie dikwels gebeur nie: of glad nie, maar sekerlik nie op die histories ingeligte manier nie. Dis die verdienste van Gerhard Benade en natuurlijk ook van Ben Oosthuizen, die hoof van die musiekdepartement van die St. John’s College, dat hier die moontlikheid geskep is en meer en meer die belangstelling win van almal van saamgespeel, -gesing en geluister het. Dis ook vir my baie spesiaal om die kans te kry dit te kan doen met én voor mense voor wie dit nog lyk soos ‘n nuwe ervaring.

Willem Prinsloo, toehoorder (Sannieshof) In die bykans 43 jaar wat ek na die Messias uitvoerings luister, te veel om op te noem, was hierdie uitvoering van julle die heel beste!! Nie alleen het ek gehou van die aanslag van die dirigent nie, maar die hele samestelling en aanbieding was buitengewoon goed. Die bewaring van kultuur en kultuurgoedere lê vir my baie na aan die hart en ek herstel self ou viole en ander instrumente. Daarom was die bywoning van julle konsert so besonders. Nie alleen het ek my verluister na die ou musiek instrumente se besondere klank nie, maar die besondere wyse waarop dit bespeel is en die klein goeie koor en soliste se vertolking het die outentieke karakter van die werk vir my vernuwe.

Ek het spesiaal saam met vriendin Antoinette van Sannieshof af gery en dit was absoluut die moeite werd. Trouens, as julle dieselfde uitvoering weer volgende keer aanbied, sal ons dit graag D.v. weer bywoon. (Ons doen self baie moeite vir die bewaring van musiek. By die gemeente waar ons werksaam is, herstel ek musiek instrumente en bied ons kitaar en viool lesse kosteloos aan vir die hele omgewing.)

Julle doen baanbrekerswerk. Doen so voort. My volle ondersteuning en akklamasie.
Ons sien uit na die volgende uitvoering. (Veels geluk ook met die oulike wyse van plekbespreking.)

Anke Nevermann, Freiburg (vertaal uit Duits).As musikant het ‘n mens die voorreg om dikwels in vreemde lande te reis en daar musiek te maak. Hierdie keer was ek nie in ‘n orkes op reis nie, maar kon in die buiteland saam met die plaaslike musici werk. Dit was ‘n opwindende en lekker ervaring. In die oefeninge het steeds ‘n hartlike en ontspanne, maar gekonsentreerde atmosfeer geheers. So het die projek vinnig tot ‘n besonderse en interessant gerealiseerde histories ingeligte weergawe van die Messias ontwikkel.

In Duitsland het ‘n mens die Messias reeds ongetelde kere in alle moontlike weergawes gehoor: Met moderne instrumente, met historiese instrumente, in die weergawe van Mozart, ens. Dit is haas onmoontlik om die gehore daar nog positief te verras. Heel anders het ek dit in Suid-Afrika ervaar. Die toehoorders was diep dankbaar en het my verseker, dat hulle nog nooit so ‘n uitvoering beleef het nie. Hierdie gesprekke het my laat besef hoe belangrik dit is om die Suid-Afrikaanse gehore aan histories ingeligte uitvoerings voor te stel. Gerhard Benade doen met op hierdie gebied met groot geesdrif uitstekende pionierswerk.

Martina en Nicol Viljoen (Odeion Skool vir Musiek, Universiteit van die Vrystaat) Gedurende die naweek van 18 Mei het ons na Vredefort gereis ten einde deel te hê aan die uitvoering van die Messias wat onder beskerming van die Koepel Kunstesentrum aangebied was. Die hele ervaring was vir ons uitsonderlik; die reis deur die pragtige landskap, en gasvrye verblyf op ‘n ongerepte Vrystaatse plaas.

Die hoogtepunt was egter die uitvoering Saterdagaand 19 Mei: ‘n Histories-ingeligte weergawe van Handel se Messias waarby plaaslike sowel as oorsese kunstenaars betrokke was. Die musikale egtheid van die interpretasie, asook die kundigheid en oordeelkundigheid waarmee die hele onderneming aangepak was, het ons besonder beindruk. Dit was beslis ons musikale hoogtepunt van hierdie jaar!

8. Finansiële Verslag

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	73 500
Bydrae uit begroting van St. John’s College	11 100
Inkomste van konsert in Vredefort	10 300
Inkomste van konsert in Pretoria	9 030
Totaal	**103 930**

Uitgawes:	
Vlugte (Lohmann, Nevermann)	18 340
Verblyf en etes (Lohmann en Nevermann)	9 849
Huur van kerke	2 800
Huur van orrel en klawesimbel	4 900
Honoraria	55 976
Reklamemateriaal	923
Administrasie en diverse uitgawes	1 660
Vervoerkoste	9 482
Totaal	**103 930**

9. Impak en resultate van die projek

Hierdie derde samewerkingsprojek tussen die Koepel Kunstesentrum en St John’s College was, soos die Johannespassie en die Requiem van die vorige jare, weer ‘n baie groot sukses. Die kontinuïteit wat deur die gereelde projekte aan die ontwikkeling van Vroeë Musiek hier in die noorde van die land en spesifiek aan die uitstekende musiekdepartement van die skool verskaf word, is baie waardevol beide vir die vestiging van historiese uitvoeringspraktyk en ook vir die individuele musici. Vroeë Musiek in die omgewing kry daardeur groot momentum, en die medewerking van heelwat van die musici aan die verhooguitvoering van die Johannespassie, aangebied deur Umculo met regisseur Kobie van Rensburg direk na afloop van die Messiasprojek, het hierdie momentum verder vergroot. Hierdeur is goeie betaalde geleenthede vir plaaslike musici aangebied en word dit dus aanloklik om hulle uitvoeringsvaardighede in Vroeë Musiek te ontwikkel. Afgesien van die direkte opvoedkundige waarde van die projek, is hierdie effek baie belangrik om musici te help oortuig om in kundigheid op die gebied te belê.

Verder speel die beskikbaarheid van historiese instrumente (strykstokke, dermsnare, blaasinstrumente) ‘n groot rol om soorgelyke uitvoerings moontlik te maak en bevestig die korrektheid van die Kunstesentrum se beleid om instrumente aan te skaf en beskikbaar te stel. Sedert die koop van die stel baroktrombone aan die einde van 2015 is die instrumente deurlopend gebruik en het verskeie projekte moontlik gemaak, onder andere die hoogs suksesvolle produksie van Monteverdi se Orfeo deur die Kaapstadse Opera, en onlangs weer die uitvoering van die Marienvesper van Monteverdi aan die begin van September 2018 in Stellenbosch. Intussen is benewens strykstokke en dermsnare vir strykinstrumente ook ‘n klassieke fagot aangeskaf, en sedert die begin van 2018 is ‘n kornet en ‘n barokhobo by die instrumentversameling gevoeg. Die beskikbaarheid van hierdie instrumente is ‘n uiters effektiewe katalisator vir die ontwikkeling van Vroeë Musiek in die hele land. Vir die volgende musiekprojek van die Koepel Kunstesentrum in September 2018 word twee barokhorings aangeskaf en plaaslike horingspelers opgelei.